


Graan SA Oggend Markkomentaar

	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2017/02/17	2017/02/16		2017/02/06		2017/01/16		2016/02/15		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
DJIA-index	20620	7.91 ↑	0.0%	20612 ↑	2.7%	20071 ↑	3.2%	19986 ↑	29.1%	
Goud (Spot)	1238.12	3.31 ↑	0.3%	1234.81 ↑	1.2%	1223.55 ↑	2.9%	1203.14 ↑	3.7%	
Brent \$/vat	55.78	0.03 ↑	0.1%	55.75 ↓	-2.1%	56.98 ↑	0.2%	55.65 ↑	60.9%	
1 € / US\$	1.0669	0.003 ↑	0.3%	1.0638 ↓	-0.9%	1.0762 ↑	0.6%	1.0609 ↓	-4.3%	
1 US\$ / ZAR	13.01	0.000 ↑	0.0%	13.01 ↓	-2.0%	13.27 ↓	-3.8%	13.53 ↓	-17.2%	
Corn	R 1,910.42	-20 ↓	-1.1%	R 1,930.90	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day					
Wheat	R 2,136.82	-29 ↓	-1.3%	R 2,165.50	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4,985.91	-62 ↓	-1.2%	R 5,048.06	* CBOT Soy Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mar 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Mrt 17	373.00	-4.00 ↓	-1.1%	377.00 ↑	3%	363.75 ↑	4%	358.50 ↓	-5%	
Wheat Mrt 17	447.00	-6.00 ↓	-1.3%	453.00 ↑	6%	422.50 ↓	5%	426.00 ↓	-11%	
Soybeans Mrt 17	1043.00	-13.00 ↓	-1.2%	1056.00 ↑	1%	1036.00 ↓	0%	1046.25 ↑	17%	
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)										
SORGHUM Jul '17	3168.00	0.00 ↑	0.0%	3168.00 ↑	0.0%	3168.00 ↓	-4.0%	3300.00 ↓	-13.2%	
WMAZ Spot	2881.00	4.00 ↑	0.1%	2877.00 ↓	-3.5%	2985.00 ↓	-20.3%	3614.00 ↓	-41.7%	
WMAZ Mar 17	2828.00	11.00 ↑	0.4%	2817.00 ↓	-3.7%	2937.00 ↓	-20.5%	3559.00 ↓	-39.2%	
WMAZ Jul 17	2025.00	-12.00 ↓	-0.6%	2037.00 ↓	-5.4%	2140.00 ↓	-11.7%	2294.00 ↓	-40.4%	
YMAZ Spot	2790.00	0.00 ↑	0.0%	2790.00 ↓	-5.2%	2944.00 ↓	-14.4%	3260.00 ↓	-25.8%	
YMAZ Mar 17	2749.00	-1.00 ↓	0.0%	2750.00 ↓	-5.5%	2908.00 ↓	-13.0%	3159.00 ↓	-21.1%	
YMAZ Jul 17	2120.00	-12.00 ↓	-0.6%	2132.00 ↓	-4.1%	2211.00 ↓	-10.2%	2361.00 ↓	-38.4%	
SOY Spot	6220.00	70.00 ↑	1.1%	6150.00 ↓	-5.0%	6550.00 ↓	-2.6%	6385.00 ↓	-10.5%	
SOY May 17	5530.00	-27.00 ↓	-0.5%	5557.00 ↓	-5.6%	5855.00 ↓	-7.0%	5945.00 ↓	-11.4%	
SUN Spot	4990.00	-20.00 ↓	-0.4%	5010.00 ↓	-4.0%	5200.00 ↓	-9.3%	5500.00 ↓	-39.3%	
SUN May 17	5100.00	-26.00 ↓	-0.5%	5126.00 ↓	-4.5%	5340.00 ↓	-7.9%	5540.00 ↓	-24.4%	
WHEAT Spot	3959.00	-16.00 ↓	-0.4%	3975.00 ↓	-0.5%	3980.00 ↑	0.1%	3955.00 ↓	-14.3%	
WHEAT May 17	4069.00	-1.00 ↓	0.0%	4070.00 ↓	-0.4%	4085.00 ↓	-1.0%	4111.00 ↓	-14.0%	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Markoorsig: Vanoggend het die rand onveranderd verhandel vanaf gister-middag. Die rand verhandel rondom R13 teenoor die dollar na 'n verbetering in ontluikende mark sentimente. Die komende begrotingsrede bly 'n fokusarea uit 'n geldeenheid perspektief. Tans verhandel die rand teen R13.01 teenoor die dollar. Kommoditeite - Brent ru-olie het ook relatief dieselfde gebly as gister se gerapporteerde vlakke. Rusland het gesê hulle kan teen April hul olie-uitvoere met 300 000 vate per dag sny as deel van 'n gesamentlike poging om 'n globale olie voorrade te bekamp. Tans verhandel Brent ru-olie teen VSA \$ 55,78 per vat.</p> <p>Mielies: VSA mielies eindig die dag laer na 'n goeie lopiese vandeeweek. Mieliepryse is nou laer vir die week, met die Maart kontrak wat bo belangrike bewegende gemiddeldes bly. Die weeklikse uitvoerverkope was teleurstellend met die USDA wat aandui dat 784 901 ton van die ou oes verkoop is en 284 495 ton van die nuwe oes. Mexiko sal heel moontlik die invoervraag na Suid-Amerika beweeg in plaas van die VSA, en Suid-Korea het besluit om nie 65 000 ton Amerikaanse mielies te koop nie, omdat die pryse te hoog is. Plaaslik: Suid-Afrikaanse mieliepryse het gedaal as gevolg van die sterker rand, en het gemeng gesluit met die uitsondering van geelmielies wat nog steeds onder druk is. Witmieliepryse eindig meestal hoër vir vroeër maande en laer vir latere maande. Die witmielie "Spot" en Maart kontrak het winste getoon en sluit met 0,1% en 0,4% hoër teen R2 881 en R2 828 onderskeidelik. Geelmielie "Spot" eindig onveranderd, maar sluit laer vir die meeste kontrakmaande.</p> <p>Sojabone: VSA sojabone eindig negatief met die Maart kontrak onder die 20-dae- bewegende gemiddelde en 'n een-week laagtepunt. Met Brasilië se strooptyd aan die gang, word dit deur handelaars dopgehou met die oes wat winnig inkom. Intussen het sentraal Argentinië nog reën gekry, maar die sojaboon strooppes is nog 'n paar weke weg. Uitvoer verkope gerapporteer deur USDA, beloop 889 941 ton vir die week. Plaaslik: Sojaboonpryse eindig meestal laer, met uitsondering van die "Spot" prys wat winste toon en sluit met 1,1% hoër. Die sojaboon Maart en Mei kontrak het onder druk gebly, en sluit laer met pryse onder die R6 000 vlak. Die druk op sojaboonpryse kan toegeskryf word aan 'n sterker Rand teenoor die dollar.</p> <p>Koring: In Donderdag se verhandeling het koringpryse getuimel in die laat sessie met die Maart sagte rooi winterkoring en roei byna 'n week se winste uit. Die daling in koring kom ten spyte van beter as verwagte weeklikse uitvoerverkope. Uitvoer verkope wat berig is vir koring, beloop 568 800 ton van die ou oes terwyl die nuwe oesverkope 19 051 ton beloop. Weer - volgende week word koel en droë toestande vir winterkoring voorspel wat winterdormansie sal verlaai in 'n paar weke. Plaaslik: Suid-Afrikaanse koringpryse eindig negatief. Die "Spot" en Maart kontrak is met 0,4% en 0,2% laer. Die Mei kontrak was R1 laer terwyl die Julie kontrak laer is met 0,2% teen R4 124 per ton. Die "Spot" en Maart kontrak verliese het hulle onder die R4000 vlak geplaas.</p>										
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.saqis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Michelle Mokone / Vir navrae, kontak: michelle@grainsa.co.za</p>										